*KLIP-IN-DIE-BOS* *TRAILING COAT-TAILS*

# J'Accuse*

## DIE MEDIESE PROFESSIE, SY MENSE EN DINGE OM HOM

J. N. DE KLERK

Die titel van hierdie referaat is sorgvuldig gekies. Dit is die produk van 'n intense betrokkenheid met my professie en sy mense, wat tot volle ontplooiing gekom het en vorm aangeneem het met die voleinding van my jaar as president van die Tak Wes-Kaapland.

Ek tree op as aanklaer. Soos dit betaam, moet ek eers voor my eie deur vee. Dan moet ek myself beskuldig dat ek eers na baie jare van grenslose onbetrokkenheid met die dinge wat belangrik is vir my as geneesheer en vir die geneeskunde tot ander insigte gebring is deur my kollega, Herman Claassens. Hierdie voortydperk is iets waaroor ek skaam voel, maar in verontskuldiging moet ek ook sê dat dit 'n tydperk was toe daar van die kant van die Mediese Vereniging en sy mense weinig aandag geskenk is aan die ontluikende Afrikaansgefundeerde lede van die professie; 'n tydperk toe dit 'n rariteit was om binne die geledere van die Federale Raad 'n Afrikaanse toespraak te hoor; 'n tydperk wat gelei het tot die ontstaan van 'n afsydigheid van my Afrikaanssprekende kollegas wat selfs na lange jare hom nog steeds by enkele geleenthede laat geld.

Met my betrokkenheid in mediese politieke aangeleenthede, eers op Takraadsvlak en vir etlike jare nou op Federale Raadsvlak, kon ek die Mediese Vereniging en sy mense sien as 'n mikrokosmos van ons Suid-Afrikaanse nasionale opset. Mense van alle tale en oorsprong, van verskeie godsdienstige oortuigings en van verskillende kleure, saamgesnoer in 'n professionele organisasie wat hom ten doel stel om die heil van die professie na te streef en professioneel te orden.

As ek dan hierdie organisasie betrag, vind ek myself weer in die posisie dat ek hom moet beskuldig. Ek moet ervaar dat hy sy uitvoerende amptenare verplig om aandag te gee aan roetine aangeleenthede wat deur enige goedopgeleide komiteeklerk gehanteer kan word; wat hom verplig om, in stede van vry organisatoriese beheer en die vryheid om na goeddunke die verskillende wyduitgestrekte gedeeltes van die Vereniging te besoek, hom verplig om sy tyd te bestee aan take wat sonder afbreuk van doeltreffendheid met die grootste gemak gedelegeer kan word. Ek beskuldig die Mediese Vereniging dat hy te midde van die snelveranderende medies-ekonomiese opset in hierdie land die vele aanslae op die integriteit van die professie nie kon voorsien en hom daarteen verskans nie. Met reg kon daar op 'n tydstip deur baie van sy lede gesê word dat die Vereniging hom net bemoei met doktersgelde ten koste van die ander belangrike dinge van die gees en integriteit. Met reg kon daar aan die kant van ons voltydse akademiese en nie-akademiese lede gevra word tot watter nut die Mediese Vereniging dan vir hulle is?

Die feit dat die Vereniging tot inkeer gekom het en dat daar in die afgelope jare d.m.v. sy aktiwiteite groot voordeel vir ons voltydse lede deur die Vereniging self verwerf is, doen nie afbreuk aan die feit dat hulle in die verlede jammerlik hierin gefaal het nie.

En dan beskuldig ek ook die Takke vir hul totale onvermoë om die entoesiasme en betrokkenheid van die jong geneesheer te stimuleer! Hoe opvallend is dit tog nie om te sien by Takvergaderings en by Federale Raadsvergaderings dat die beheer van die Vereniging nog steeds in die hande van die ouer garde is nie en dat daar weinig jong geneeshere aktief betrokke is by dinge van die Vereniging en kan ek sommer ook by dieselfde geleentheid sê, hoegenaamd geen nie-Blanke geneeshere nie. En dan die onvermoë van die Tak (en nou praat ek spesifiek van Wes-Kaapland, my eie Tak) om om te sien na sy afdelings; die gebrek aan insig wat ons vertoon deurdat ons nie kan verstaan dat die afdelings nie sonder gedurige onderskraging en ondersteuning van die moedertak kan bestaan nie; die totale onvermoë van die groot stedelikgeoriënteerde takke soos Wes-Kaapland, Suid-Transvaal, Natalkus, ja, en selfs Pretoria om jaarliks 'n positiewe program van ondersteuning en stimulering vanuit die tak na die afdelings aan te pak.

En so kom ons by die persoon om wie dit eintlik alles draai—die dokter self, een van meer as 8 000 bakstene waarmee die huis van die Mediese Vereniging gebou is. Hierdie man (of vrou) is veral gekenmerk deur sy of haar monumentale apatie t.o.v. die Mediese Vereniging en veral m.b.t. die dinge wat hom en die professie in toenemende mate bedreig.

Gedurende die afgelope jaar, tydens my rondreise onder die afdelings van Wes-Kaapland, het ek o.a. gevind dat een van dié afdelings 4 jaar laas 'n vergadering gehou het terwyl twee ander 2 jaar laas 'n vergadering belê het!

Die Tak Wes-Kaapland het om en by die 1 800 lede. Dit is die grootste tak in die Vereniging. Daar word gereeld maandelikse vergaderings gehou, by welke geleenthede daar sprekers gekry word om oor sake van algemene belang te praat en dikwels sake van groot waarde toegelig word. Die gemiddelde opkoms is tussen 20 - 35 lede per vergadering. Wanneer ek dan praat van die individuele dokter en sy gebrek aan sinvolle betrokkenheid met sy professionele vereniging, dan sluit ek hierby in ook die akademici—hierdie persone wat met enkele uitsonderings bereid was om hiperkrities-aftakelend die Mediese Vereniging hooghartig te negeer. Soos ek alreeds vroeër gesê het, was daar 'n tydperk toe dit met reg omtrent die Vereniging gesê kon word dat hy min van die belange van die voltydse mense behartig, maar ek wil dit onmiddellik nou konstateer dat dit in 'n groot mate ook te wyte was aan die totale gebrek aan enige belangstelling van die kant

* Met apologie aan Emile Zola.

van die voltydse lede van ons beroep. En nie alleenlik die voltydse lede nie, maar spesifiek ook die akademiese inrigtings—belangloosheid wat aan die een kant gestrek het van redelike betrokkenheid tot uit en uit vyandiggesindheid aan die ander kant. Dit is 'n ongelukkige feit dat daar selfs vandag nog enkele van ons opleidingskole is waar die Mediese Vereniging gedurig blootgestel word aan 'n neerhalende aftakeling, waar die ontluikende jong dokter se onkunde m.b.t. ons organisasie oogluikend toegelaat word; waar die Mediese Vereniging alleenlik geken word ter bevordering van eie belang en andersins geïgnoreer word. Dankie tog dat daar ook hier in die afgelope jaar of twee 'n kentering te bespeur is en dat daar sinvolle betrokkenheid in die sake van die Vereniging vanuit hierdie oord ook nou begin kom.

En waar ek nou my mense en sy Vereniging in die gesig vat, is dit dan nie ook meer dan reg dat ek ook die mense en instansies om hom in die gesig vat nie! Waar ek my eie mense beskuldig van ontoereikenheid in hul verhouding tot mekaar en tot hul medemens, dan is dit ook goed dat ek kyk na diegene wat ook 'n direkte betrokkenheid met my beroep het. Hoe staan hulle? Watter invloed speel hulle in hierdie hele aangeleentheid?

En dan moet ek ten eerste my Regering beskuldig. Ek moet hom beskuldig dat hy oogluikend toegelaat het dat my beroep, 'n eerbare beroep, die prooi word van die entrepreneur. 'n Verkwanselbare item wat op die aandelemark gemanipuleer word deur amptenare en baantjiesoekers, gedegenereer tot die status van 'n senior tegnikus, met sy professionele status hom ontneem en sy etiese normes afgetakel. Ek beskuldig hom dat hy ten spyte van die feit dat ernstige vertoë deur verantwoordelike seniorlede van die beroep tot hom gerig is m.b.t. die implikasies van die wetgewing wat hy ingedien het om mediese hulpfondsskemas te beheer en dat hierdie vertoë in later jare bewaarheid is, nog steeds skuil agter 'n wetgewing wat inisieel ingestel is om Mediese Hulpfondsskemas te beheer en deur verskeie lede van sy kabinet aangegryp is as 'n middel om die mediese beroep te beheer. Die gevolg? Die geleidelike ontwikkeling dwarsdeur ons land van 'n geldetariefgebondenheid opgedring aan 'n beroep wat in terme van die wetgewing verplig word om elke daad of handeling wat hy verrig in die uitvoering van sy plig as geneesheer, nadenkend of onnadenkend, uiteindelik terug te bring na die laagste gemene deler, die rand en sent. Ek beskuldig hom dat hy 'n eerbare professie, humanitêr gemotiveer en ekonomies ongeletterd, aan die kommersiële wolwe oorgegee het. Ek beskuldig hom dat hy die professionele status van die dokter in sy gemeenskap deur sy toedoen afgetakel het en verneder het tot die status van 'n senior werktuigkundige. Ek beskuldig hom dat hy die belange van die politiek ook bo dié van my professie stel—my professie wat eens geheel en al ongekompromiteerd was in die politieke arena en wat nou ten spyte van homself en sonder sy eie bewustelike toedoen homself midde in die sosiopolitieke slagveld bevind.

Nou kom ons by die mediese hulpfondsskemas. Ek beskuldig hulle van die verkragting van 'n pragtige begrip wat sy ontstaan gehad het uit die geledere en deur die toedoen van die Mediese Vereniging self. Ek beskuldig hulle van die aangryping vir eie gewin van die mediese hulpfondsskemastelsel ter wille van die tot 15% wat die Wet vir hulle toelaat vir administrasiekoste! Geen wonder dat die mediese hulpfondsskemas, en derhalwe ook die dokters wat hieraan moet deelneem, 'n verkwanselbare item op die aandelebeurs geword het nie. Naas die mediese hulpfondsskemas is daar ook die mediese bystandsfonds (veral die Spoorweë Bystandsfonds en die Mynbystandsfonds en soortgelyke fondse, om nie eens te praat van die groot getal ander bystandsfondse wat deur die Industriële Versoeningswetgewing bevorder word nie). Hierdie sisteem wat al jarelank beskou is as minderwaardig t.o.v. geneeskundige dienslewering en wat die pasiënt se vrye reg om sy eie dokter na goeddunke te kies, ontneem. 'n Sisteem wat tot 'n groot mate die status van die pasiënt verminder tot 'n item op die konsultasieboek of 'n item op die operasielys en wat nieteenstaande die werksomstandighede van die dokter, wat moontlik baie goed mag wees, onvermydelik lei tot die geestelike aftakeling van die professioneel gemotiveerde geneesheer.

Laastens, maar nie die minste nie—en op die oomblik seker die mees aktuele—beskuldig ek my nie-Blanke kollegas vir hul totale onkundige afsydigheid tot mediese politieke aangeleenthede. Ek het geen benul hoeveel van ons nie-Blanke kollegas lede is van die MVSA nie, aangesien daar geen aanduiding is op ons ledelys van die afkoms van die betrokke persone nie. Vir al wat ek weet mag daar baie lede wees, maar een ding weet ek en dit is dat ek nog nooit in al die jare wat ek met die Mediese Vereniging se sake betrokke is ooit die geleentheid gehad het om met 'n nie-Blanke geneesheer te kommunikeer nie, behalwe waar ek ampshalwe deur toedoen van die Mediese Vereniging kontak gemaak het. Ek weet egter dat ek by verskeie geleenthede gesien het dat die Mediese Vereniging d.m.v. beurse, toekennings, ens. my nie-Blanke kollegas tot groot hulp was, maar ek sal nou nog die een kry wat die bereidwilligheid sou toon om sinvol betrokke te raak in die aktiwiteite van die Vereniging.

Wat ek hier gesê het, besef ek is in baie opsigte hoogs aanvegbaar, maar wat ek wel geskryf het, het ek uit die hart geskryf en dit is my oorwoë mening, geput uit my jare van noue kontak met alle fasette van my betrokkenheid met die Mediese Vereniging en my professie. As dit kan dien as aansporing om hand in eie boesem te steek; as dit kan dien tot 'n herwaardering van ons etiese waardes; as dit kan lei tot 'n beter begrip vanuit die geneeskundige oorde oor wat ons motiveer en ons huidige standpunte, dan dink ek was dit die moeite werd. Wat hier gesê is, is sonder aansiens des persoon gesê en daar is nie doelbewus gepoog om op iemand se tone te trap nie. Daar is by my egter geen twyfel dat indien ons die standaarde van geneeskundige gebruike in hierdie land en die status van die geneeskundige professie wil handhaaf, daar vanuit alle instansies sowel as uit eie geledere 'n dringende herwaardering van ons onderlinge verhoudinge met mekaar op mediese, politieke sowel as Verenigingsvlak gemaak moet word, met as primêre doel die herstel van wedersydse vertroue tussen amptelike instansies en die Vereniging aan die een kant, die herstel van etiese normes binne die geledere van die professie aan die ander kant en die bewaring van die liggaamlike en geestelike gesondheid van ons volk.